



Moederkerk Stellenbosch

340 JAAR

Filip 3:1-14 "Ek strek my uit na wat voor is"

Wat weeg die swaarste?

Smaak verander

- Daar was 'n paar goed wat ek as kind nie oor my lippe kon kry nie: avokado, olywe, spanspek, sampioene. Later sushi. Vandag is ek mal daaroor. Niemand het my gedwing nie, my smaak het eenvoudig verander. Dit wat ek vermy het, het die goed geword waarna ek uitsien. Dis 'n klein voorbeeld van 'n groot vraag: Hoe meet ek my lewe? Waaraan ken ek gewig toe? Wat weeg vir my die swaarste?
- Paulus skryf aan Filippi uit die tronk, en tog is die brief vol vreugde. Dis die gemeente wat met Lidia en die tronkbewaarder begin het (Hand 16) en Paulus deur dik en dun ondersteun het. Maar nou dreig twee groepe om hulle van stryk te bring: dié wat die Joodse wette weer wil afdwing, en dié wat die

Christelike vryheid misbruik. Hoofstuk 3 is Paulus se antwoord. Hy vertel hoe sy eie smaak verander het.

Om Christus te ken, keer alles op sy kop

- Paulus lê sy CV op die tafel: besny op die agste dag, stam van Benjamin, Fariseër, onberispelik. Dit was sy bates. Dan praat hy soos 'n boekhouer: wat in die bate-kolom gestaan het, skuif hy na die las-kolom. Nie omdat dit sleg was nie, maar omdat iets anders alles in waarde oortref: "om Christus Jesus, my Here, te ken". Nie om van Hom te weet nie. Om Hom te ken. Dis nie 'n nuwe item op die lys nie; dis 'n nuwe skaal waarop alles anders weeg.
- En dit bly nie 'n idee nie. Om Christus te ken, is om deel te kry aan sy lyding én aan die krag van sy opstanding (v. 10). Albei.

Die kruis en die leë graf is nie twee stasies op 'n roete nie, maar een lewe.

Jou diepste verlange rig jou aandag

- Daar word aan Antoine de Saint-Exupéry toegeskryf: as jy 'n skip wil bou, moenie mense bymekaarmaak om hout te versamel en take uit te deel nie; leer hulle eerder verlang na die eindelose see. Dis wat Paulus doen. Hy gee nie 'n nuwe stel reëls nie. Hy wys op 'n verlange wat alles rig: "Al wat ek wens, is om Christus te ken." Jou diepste verlange bepaal waarna jy kyk, en waarna jy kyk, bepaal wat jy doen.
- Dis waarom die dwaalleraars so gevaarlik is. Hulle hou blink goedjies op: kyk hierna, en daarna, en dan daarna. 'n Skaap verdwaal nie met een groot besluit nie, maar graspol vir graspol, kop na onder, totdat hy opkyk en die kudde is weg. Niemand beplan om weg te dwaal nie. Jy word net besig gehou met dinge wat nie belangrik is nie en jou aandag aftrek.

Afleur en losmaak

- Henri Nouwen praat van "downward mobility". Terwyl die wêreld opwaarts klim – meer, hoër, groter – loop Christus se pad afwaarts, na die kruis. Paulus se prysgee is dus nie verlies nie, maar vryheid. Daarom staan die hoofstuk tussen twee oproepe: "Wees bly in die Here!" (3:1) en "Verbly julle altyd in die Here!" (4:4). Losmaak van wat agter is, is om jou hande leeg te kry sodat jy kan vashou aan die een bate wat oorbly.
- Daar is iets te sê vir grootword. Dit wat op twintig vir jou belangrik was – die regte titel, die regte mense se goedkeuring – weeg op vyftig ligter. Die bykomstighede

val weg en die essensie kom deur. Dis nie verlies nie, dis ryppword.

Jy het nog niks gesien nie

- Benjamin Zander vertel van 'n praatjie by 'n ouetehuis vir Joodse bejaardes. Toe hy opdaag, sit een tannie alleen in die vyfde ry. "Kom sit hier voor," nooi hy. "Ek sit altyd hier!" snou sy terug. "Wie weet, as jy op 'n ander plek sit, gebeur daar dalk vandag iets nuuts met jou." "Op my ouderdom? Ek is 83!" Maar sy skuif tog een ry vorentoe. Toe 'n ander tannie later vra hoekom die beroemde Zander sy tyd op 'n klomp oumense mors, antwoord hy: "Toe ek hier instap, het Sarah in die vyfde ry gesit. Nou sit sy in die vierde." Waarop Sarah opspring, vuig in die lug: "You ain't seen nothing yet! I just got started!"
- Dis Paulus in vers 12–14. Hy het dit nog nie alles nie. Maar hy strek hom uit na wat voor is, omdat Christus hom reeds Syne gemaak het. Die wenstreep trek hom; hy hoef dit nie te verdien nie.
- Ek haat steeds komkommer. Maar kan jy glo, ek het tsatsiki ontdek. Wie weet, môre sit ek dit dalk op my oë. En oormôre, dalk net, in my mond. Smaak kan verander. Ook die smaak vir wat regtig weeg. Skuif 'n ry vorentoe.